




TJOKKIE- brokkies!



Uitgawe: 3/3/2017

Datum: 10 Aug 2017

Uit die kantoor:

Oueraand (7 Aug)

Dankie aan alle ouers wat die geleentheid gebruik het om te kom kuier. Die onderwysers waardeer dit.

Snoepie (Kaartstelsel)

Met verwysing na verlede week se skrywe, moedig ons u weer as ouers aan om die opsie van 'n kaart vir u kind te oorweeg. Dit het soveel meer voordele as kontant.

Neem asb ook kennis dat die oorskakeling na kaarte 'n bietjie tyd neem en dit ongeveer 'n week gaan neem voordat die kaart geaktiveer is en u geld daarop kan inbetaal. Leerlinge wat dié week kaarte gekoop het sal dit teen Maandag ontvang waarna u geld kan inbetaal en die kaartnommer as verwysing kan gebruik.

Leerlinge wat volgende week kaarte koop, sal dit teen die volgende Maandag ontvang. Totdat die stormloop verby is, sal leerlinge hulle kaarte op Maandae ontvang. Hopelik sal dit daarna vinniger gaan.

BELANGRIKE DATUMS:

10 Aug: Hokkieliga. Sien die ligabepalings wat u ontvang het.

11 Aug: Die revue (ritmegroep) en pompoms neem by die Kovsiekerk deel aan Kruitberg skool se revuefees. Die leerlinge het die reëlings ontvang.

12 Aug: Tjokkies se Hokkietoernooi by die UV velde.

14 Aug: Toetsweek I begin.

Dogters tennislīga.

16 Aug: Seuns tennislīga

Revue en pompoms tree op by die Sand du Plessis Teater.

17 Aug: Hokkieliga

18 Aug: Graad 1 Opedag. Alle graad 1 leerlinge van 2018 is genooi en word so bietjie skoolwys gemaak.

Verjaarsdae

17 Aug: Mev Linda Vermaak (Gr 4 D)

VOORTREKKERS

Vorms vir die Doornkloof Gebiedskampe is uitgedeel. Sluitingsdatum is 16 Augustus 2017.

EERSTELING

Eersteling, ons uitreikskool, benodig ou hokkiestokke om die vaardigheid wat hulle aangeleer het te bemeester. U kan dit by Juf. Lizette gr 1A kom inhandig.

TJOKKIE HOKKIETOERNOOI

Programme sowel as toegangskartjies van Saterdag se Tjokkie Hokkietoernooi by die UV-velde is op ons webwerf ook beskikbaar. U vind dit onder: Dokumentasie, Buitemuurs, Sport. Aangesien die program so groot is, moet u dit eers "download" voordat dit geprint kan word.

Let ook daarop dat die toegangshek in Koos vd Waltstraat vanuit Universitas-Rif ook sal oop wees Saterdag.

Ons versoek ouers om bietjie vroeër te ry aangesien die verkeer altyd druk is met die dat daar so baie skole deelneem.

SNUFFELS

BULTFONTEIN BOERTJIEFEES 31 AUG - 2 SEPT 2017

Kom geniet die plattelandse gasvryheid tydens die jaarlikse Boertjiefees te Bultfontein vanaf 31 Augustus - 2 September 2017

Spesiale gesinspakkette teen R500 is verkrygbaar vir 2 volwassenes en 2 skoolgaande kinders (7 - 18 jaar) wat u toegang tot die fees en alle vertonings gee vir die duur van die fees. Toegang vir kinders 0 - 6 jaar is gratis.

Besoek die webwerf www.bultfonteinboertjiefees.co.za. Gaan na die “menu”(𐄂) regs bokant die “facebook” merker en kies “Hoogtepunte” vir volledige inligting oor die fees. Verskeie kunstenaars, bulletjierugby, pienkhandjienetbal, ±150 uitstallers, verskeie kompetisies, damesprogramme, sokkie, vermaak vir oud en jonk, ens is te sien.

Kontak Johan du Preez by 082 200 9349 of jmdup53@gmail.com vir die bespreking van u pakkette. Hy sal dit by u kind se skool aflewer.

‘n Nuwe ABSA bankkaart is by die skool opgetel en ingehandig. Doen navraag by die kantoor.

Privaat klavierlesse vir beginners

Kontak Machteld Meyer by 051 436 0429 of 084 450 0505

Bogenoemde pianiste verskaf ook agtergrondmusiek vir enige geleentheid met verhoogklavier. Eie toerusting.

BORGE

Baie dankie aan ons anker borge! Ondersteun hulle asb.

